**Donderdag 20 April**

**Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 12:31b – 13:13**
**Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 13:13**

**Geloof, hoop, liefde is al wat oorbly: alleen die liefde bly ewig**

Die wedywering om geestesgawes bring liefdeloosheid by die Korintiërs, en daarom wys die Here hulle op die beter weg van liefde – die liefde is onmisbaar in alles, sonder liefde is die geestesgawes niks. God het uit liefde ons herskep en nou kan ons ook liefhê, Hom liefhê en sy liefde aan ander deurgee. Omdat God Liefde is, kan liefde nooit eindig nie.

Alles kan so maklik van ons weggevat word: ons gesondheid, besittings, werk, selfs ons verstand, gehoor en sig. Ons geestesgawes kan ook weggevat word. Byvoorbeeld: die gawe om vir ’n medelidmaat te sorg, kan ophou as iemand deur ’n kwaai beroerte verlam word. Maar al word ons in ons sterwensoomblikke gestroop van alle waardigheid, sal ons geloof en hoop en liefde bly. Geloof kan nie weggevreet word deur ouderdom of armoede of hartseer of diefstal nie.

Geloof bly, al val al die ander sekuriteite weg. Hoop is die sekerheid wat ons reeds van God ontvang het, en wat ons nog sal kry. Tog sal geloof en hoop by die oomblik van ons sterwe verdwyn, want in die volmaakte bedeling, wanneer ons ewig by Christus gekom het, sal geloof en hoop oorgaan in sien van dit wat ons verwag het.

Wat bly? In hierdie lewe net geloof, hoop en liefde. Dit bly tot ons uit hierdie lewe vertrek. Daarna bly net een oor: die liefde. Wat is “die liefde”? Dit is eerstens die liefde van God vir ons: die ware liefde van selfopoffering, die liefde van God wat ons in Christus Jesus leer ken het. “Die liefde” is die liefde wat die Heilige Gees steeds in ons stort. Liefde is woorde en dade. Die liefde word sigbaar deur ’n beker koue water wat ek vir die lewensmoeë mens op die regte oomblik gee, ’n beeld van God se oneindige liefde!

*Sing: Skrifberyming 9-4:1, 6 (1 Korintiërs 13)*
*Prof. BJ de Klerk (Ben) (emeritus)*